

5 Januarie 2014

Skrifgedeelte: 1 Samuel 6:1-6
Fokusgedeelte: 1 Samuel 6:5

Waar is God se eer?

Wat het van God se eer geword

- as sy Naam vertrap word?
- as met sy Woord gespeel word?
- as sy kerk geskeur word?
- as mense 'n eie koninkryk hier in ons wêreld wil opbou?

As die mens nie God se eer uitdra en uitleef nie, sal selfs die klippe dit uitroep (Luk. 19:40).

Die Israëliete verloor in die oorlog teen die Filistyne en die verbondsark word gebuit. Die volk het begin om te veel op die ark van die verbond te vertrou en het so die God van die verbond vergeet. Die Filistyne wil weer wys hulle god Dagon is sterker as die God van die Israëliete. God is egter sterker. Dagon val stukkend en 'n plaag tref die Filistyne. Hulle priesters besef die krag van God. Hulle voorstel dat die ark teruggestuur moet word en 'n geskenk aan God gegee moet word, is 'n poging om in God se goeie boekies te kom. So probeer hulle God omkoop.

Nee, hier is nie 'n nuwe begin by die Filistyne nie ... nie hartberou oor sonde nie, nie eer wat hulle wil bring omdat hulle God nou as die Almagtige erken nie. Hier is net mense wat God wil gebruik soos dit hulle pas!

Dit is so maklik om van God jou dienaar te maak in plaas daarvan dat jy dienaar van God is. Dan vertrap jy God se eer. Dan sal die klippe dit uitroep! Nie net die Filistyne nie, ook ons! Wat het van God se eer geword

- as ons so besig is net met onself?
- as ons God wil manipuleer om net by ons aan te pas?
- as ons dele uit die Bybel uithaal asof dit niks vir ons sê nie?
- as ons bly haat, vloek, slegpraat en vertrap?

Wat het dan van God se eer geword?

Ons bly maar sondaarmense wat onself nie kan verlos nie. Tog: Ons enigste troos is dat ons deur Christus nuutgemaak is, om nou dankbaar voor God te lewe ... om net sy eer te soek in ons kinderlike vertroue op God. Dan roep ons saam met die klippe uit: Aan God al die eer!

Sing: Psalm 146:1 (1936)

Ds RG (Roelie) Aucamp (Emeritus Middelburg KP)